CRADOCK

Sir John Francis Cradock, 'n Ier, het in 1811 goewerneur van die Kaap geword en was nou betrokke by die talle Grenseorloë. Hy was egter nie lank aan die die Kaap nie, en het in 1812 na Engeland teruggekeer, waar hy tot baron benoem is.

Die dorp, sowat 260km van Port Elizabeth, is in 1813 aan die oewer van die Groot Visrivier gestig om na die behoeftes van trekboere om te sien. Cradock, een van die tien oudste dorpe in Suid-Afrika, is 'n landbousentrum, waar hoofsaaklik wol, skape, bokke en beeste geboer word. Dis 'n pragtige dorp wat in 'n bergagtige gebied gelee is. Daar naby is die Cradock-Bergsebrapark, wat baie gedoen het om hierdie diere van uitwissing te red. Daar is ook 'n swaelspa. Die skrywer Olive Schreiner het hier gebly en is op Buffelskop begrawe. Die mees opspraakwekkende gebeurtenis op die dorp is moontlik die begrafnis vir die Ganiwe Vier, 'n deurslaggewende gebeurtenis in die opstand teen apartheid.



Cradock High School

STIGTINGSDATUM: 1972
LEUSE: NIL NISI NITENDO
(NIKS SONDER PROBEER NIE)
ADRES: NAESTEDSTRAAT, CRADOC
HTTP://CHS.ISAT.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Cradock is 'n ou dorp en so ook die skool. Die skool se wortels strek so ver as die Groot Trek terug, maar dit moes in 'n stadium weens geldelike probleme sluit. In 1838 is die Cradock Free School geopen, en in 1870 'n seunskool, wat deur L Eaton met twintig leerlinge gestig is. In 1900 is dit met 145 leerlinge verskuif na 'n nuwe gebou in Bree-straat. In 1932 is die seuns weer verskuif na die Teacher's Training College. In 1869 is Rocklands vir mei-sies geopen, maar dié skool beskou 1875 as sy stigtings-datum. In 1972 het Cradock Boys' High en Rocklands saamgesmelt in die huidige Hoërskool Cradock . Die seunskool het die Cradock Primary School geword en Rocklands die High School.



Rugby by CHS

Cradock Rovers is een van die land se oudste klubs, maar was die slagoffer van die kwyning van rugby op die platteland, veral nadat die getal provinsies in 1996 van 22 tot 14 verminder is. Noordoos-Kaapland, wat in 1903 gestig is, het ook in die slag gebly. Die rugbygeleenthede vir skole is in 2001 verder benadeel toe die getal spanne by die Cravenweek van 32 na 20 verminder is, en toe weer tot 18 in 2004. Hoewel die skool teen talle groter skole moes meeding, het Cradock gereeld Cravenweekspelers opgelewer.

Cradock het ook sy kwota Springbokke opgelewer. Oudleerlinge wat vir Suid-Afrika gespeel het, sluit in Mannetjies Michau en Baby Michau in 1921, Jorrie Jordaan en Fiks van der Merwe in 1949, Salty du Rand van 1949 tot 1956 (ook kaptein van die Springbokke) en Giepie Wentzel (1960-61). Willem Louw en St Elmo Wilken het in die finale Springbokproewe gespeel. Die sukses van Cradock se internasionale spelers kan moontlik toegeskryf word aan sy breiers, onder andere die legendariese Flappie Lochner, wat in die jare veertig op die skool klasgegee en afgerig het. Giepie Wentzel was in 1960 op die Springboktoer na Brittanje. Sy neef Deon Stegmann van Grey Kollege is in 2004 vir SA Skole gekies. Nog 'n beroemde oudleerling is William Schreiner, premier van die Kaap-kolonie en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad.

Party van Cradock se vroegste derbies was teen die Graaf-Reinetse skole Union High en Volkskool. Die tradisionele derby op die dorp is die kragmeting tussen Hoërskool Cradock en Marlow, die landbouskool net buite die dorp. Die derby is reeds meer as 50 jaar oud. Die wedstryd vind op die dorp se veld plaas. In die laaste tyd het die kragmeting teen Gill egter meer prominent geraak. Rekords toon dat die eerste wedstryd teen Gill reeds in 1911 gespeel is. In 1986 het dit 'n amptelike interskole-kragmeting geword, maar in die laaste tyd het Gill egter die oorhand gehad.

Vir 'n skool wat net tweehonderd seuns het en waarvan net die helfte van hulle van rugby hou, doen Hoërskool Cradock besonder goed.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Mannetjies Michau, Baby Michau, Jorrie Jordaan, Fiks van der Merwe, Salty du Rand, Giepie Wentzel